# HOOFSTUK 7

# WEERBAARHEIDSPOGINGS IN DIE VAALDRIEHOEK

## 7.1 INLEIDING

Die aanslag van die vyande is destyds as so allesomvattend bestempel dat groter eise van paraatheid aan die hele bevolking gestel is. Die eis vir die uiteindelike oorwinning was 'n stabiele volkshuishouding wat 'n wakker burgery met 'n vasberade weermag aan die spits gehad het.[1] Militêre paraatheid in die gemeenskap is egter as 'n tydsame proses beskou en moes met die hulp van die kommando's deurgevoer word.[2]

Die burgery was op verskillende wyses by weerbaarheidspogings betrokke. Dié pogings het los van burgerlike beskerming gestaan. Die vergestalting van die burgerlike beskerming in die Vaaldriehoek word in hoofstuk 9 behandel. Die rol wat vroue agter die front as ondersteuners kon speel, is beklemtoon. Die 1976 onluste het meegebring dat mense by skietklubs aangesluit het, terwyl die veiligheidsmagte ook mense leer skiet het. Die verdedigingsituasie het teen 1990 sodanig verander dat dit nodig was om sekuriteitsmaatskappye en buurtwagte in te span ter beveiliging van maatskappye en woonbuurte. Hierdie organisasies het in die vroeë negentigerjare 'n waardevolle bydrae tot die beveiliging van die Vaaldriehoek gelewer. Die weermag het mense met die oog op die 1994 verkiesing voorberei om hulleself te verdedig.

---

[1] Anon, "Bevelsoordrag: Reputasie van die soldaat beteken veel", *Paratus*, 27(9), September 1976, p.7.

[2] Danie Theron krygskool, *Teeninsurgensie-operasieshandleiding* (Pretoria, 1 Drukregiment, 1986), p.2/1-2.

## 7.2 DIE NOODSAAKLIKHEID VIR PARAATHEID IN DIE VAALDRIEHOEK

Gereelde vloede en die groot aantal nywerhede in die gebied het dit noodsaaklik gemaak dat die burgers van die Vaaldriehoek beveilig moes word.[3] Die eskalerende veiligheidstoestand sedert 1974 het egter ook militêre aanslae 'n moontlikheid gemaak waarmee rekening gehou moes word. Daar is verwag dat die Vaaldriehoek met sy sleutelnywerhede die teiken vir aanvalle kon wees.[4]

In Julie 1985 is 'n paraatheidskomitee in die Vaaldriehoek gestig. Dit het die streek die eerste gebied binne die raamwerk van stedelike ontwikkeling gemaak, wat sy eie veiligheid gekoördineer het. Verteenwoordigers van al die stadsrade van die Vaaldriehoek, die polisie en die weermag het in dié komitee gedien.[5] Aangesien die Vaaldriehoek 'n A-veiligheidsrisikogebied was (dit was die hoogste risikogradering), het dit daartoe gelei dat amptenare van munisipaliteite in Junie 1986 op 'n veiligheidsopknappingskursus gestuur is. Daar is hulle onder meer touwys gemaak oor hoe om te reageer wanneer handgranate en ander terreurwapens gebruik sou word. Kommer is ook daaroor uitgespreek dat slegs enkele skole in die Vaaldriehoek toegangsbeheer toegepas het.[6]

Binnelandse bomontploffings en landmynvoorvalle in die Messina-omgewing het tot 'n hernieude klem op paraatheid in die Vaaldriehoek aanleiding gegee.[7] Mense is gemaan om nie net fisies nie, maar ook geestelik paraat te wees.[8] Die waarnemende stasiebevelvoerder van die polisie op Vanderbijlpark, kapt. Jaap Muller, het in Julie 1992 tydens die algemene vergadering van die Vaaldriehoekse afdeling van die *National Occupational Safety Association*

---

[3] Sien hoofstuk 9, burgerlike beskerming.

[4] Anon, "Kenner waarsku teen Russe se oënskynlike soeke na vrede", in *Vaalweekblad*, 03.09.1982; Vgl. MAV, p. 18. 06071999, Malan, M . de M., (69) Pretoria.

[5] Anon, "Rade staan saam vir veiligheid", in *Vaalweekblad*, 12.07.1985; Vgl. MAV, p. 102. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

[6] Anon, "Hoe paraat is ons werklik?", in *Vaalweekblad*, 31.06.1986.

[7]Anon, "Wees al hoe meer paraat, hoor vroue", in *Vaal Ster*, 25-29.08.1986.

[8] Anon, "U woord my lig: Paraatheid", in *Vaalweekblad*, 07.10.1988.

(NOSA) wat by die Letabo kragsentrale gehou is, op die belangrikheid van tuisbeveiliging gewys en gevra dat elke burger by veiligheid betrokke moes raak deur by 'n veiligheidsorganisasie in te skakel.[9]

## 7.3 RADIOVERBINDING TUSSEN VAALDRIEHOEKSE DORPE

'n Burgerlike inisiatief het in Mei 1979 deur burgerbandradiogeesdriftiges ontstaan om Vereeniging, Vanderbijlpark en Sasolburg deur middel van 'n radionet te verbind. Volgens dié plan sou lugdrade by onder meer 'n toring by African Cables in Vereeniging opgerig word. Dié groep het ook 'n voorgestelde nooddiens beoog wat effektiewe kommunikasie vir die Vaaldriehoek in die vooruitsig gestel het.[10] Die HAMNET-organisasie het op 15 Maart 1980 'n nasionale radio-oefening gehou en die weermag versoek om samewerking te verleen, ten einde die oefening realisties te laat verloop. Die Kommandement Witwatersrand het egter opdrag gegee dat die betrokkenheid van die Vereeniging Kommando slegs tot sy radiokamer beperk sou wees.[11]

## 7.4 DIE ROL VAN VAALDRIEHOEKSE VROUE IN DIE WEERBAARHEIDSPROSES

Destyds is gemeen dat die vrou 'n groot rol in weerbaarmaking gespeel het, sy kon as ondersteuner van haar man en seuns 'n aktiewe bydrae lewer om die verdedigingspoging te laat slaag.[12] Die vrou is ook as 'n medium gesien waardeur die vegtende man sou kon voortveg soos uit die volgende aanhaling blyk:

---

[9] Anon., "Paraatheid is elkeen se besigheid", in *Vaalweekblad*, 17.07.1992.

[10] Anon, "BB-radionet vir Vaal beoog", in *Vaalweekblad*, 29.05.1979; Sien ook hoofstuk 9, burgerlike beskerming in Vereeniging.

[11] Direktoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Pretoria, 41 HK (Gp 1), H 23, 311/6: Burgerlike instansies, Seinberigvorm van Kmdt. Wit. aan Gp. 17 en Vereeniging Kommando, 03.03.1980.

[12] Vgl. Anon, "Spoggerige lentetee vir grensgeriewe", in *Vaalweekblad*, 29.09.1981.

> If the cherised one at home sends constant re-assurance of undeviating faithfulness, expressions of pride in what her man is doing for his country, and gifts and letters in abundance, the soldier will find it much less difficult to keep his spirits high and resolutions firm.[13]

Veral vroue-organisasies het uitstekende werk gedoen in die handhawing van die goeie moreel van die Suid-Afrikaanse soldate.[14]

### 7.4.1 DIE VROU AS ONDERSTEUNER

Tydens verskeie geleenthede in die Vaaldriehoek is na die rol van die vrou verwys. Aangesien die aanslag op alle terreine teen Suid-Afrika gevoer is en die soldate op die grens die aanslag alleen nie sou kon afweer nie, is die rol van die vrou agter die front as waardevol beskou.[15] In 'n artikel wat in die *Paratus* van Maart 1976 verskyn het, is die eggenote van ds. Mossie van den Berg, mev. Lucia van den Berg, vir haar bydrae tot die verdedigingspoging uitgesonder. Ds. Van den Berg was jare lank predikant van die Nederduits-Hervormde Kerk se gemeente in Vereeniging.[16]

Die eggenote van die destydse adjunk-minister van verdediging, mev. Ena Coetsee, het gemeen dat die vrou nie ten volle bewus was van die belangrike rol wat sy in die landsverdediging kon speel nie. Sy was ook van mening dat die vrou in uniform 'n onmisbare ondersteuningskomponent van die Suid-Afrikaanse

---

[13] Vgl. Anon, "Mitologie, pornografie, vierletterwoorde en sielkundige oorlogvoering: waar pas die vrou in?", *Paratus*, 30(9), September 1979, p. 23.

[14] Anon, "Mitologie, pornagrafie, vierletterwoorde en sielkundige oorlogvoering: waar pas die vrou in?", *Paratus*, 30(9), September 1979, p. 23; Vgl. MAV, p. 50. 13012000, Enslin, R., (55) Arconpark.

[15] Anon, "Vrou het vername plig in stryd teen terrorisme", in *Vaalweekblad*, 29.08.1975; Anon, "Polisievrou hou die fort aan verskeie fronte", in *Vaalweekblad*, 29.08.1975; C. J. Muller, "Burgerlike beskerming: Die Vrou se Rol", *Paratus*, 25(10), Oktober 1974, p.38; E. Fourie, "Ek praat uit my hart uit", *Paratus*, 29(4), April 1978, p. 11.

[16] Anon, "Gewese Vaal-vrou is patriot, sê Paratus", in *Vaalweekblad*, 28.03.1976; Vgl. ook Anon, "Dominee is aan die grens, maar pastoriemoeder sê: 'dien jou land met volle oorgawe!' ", *Paratus*, 27(3), Maart 1976, p. 5.

weermag was.[17] Indien noodtoestande sou ontstaan, kon vroue gebruik word om te help met aspekte soos noodhulp, noodhuisvesting en die versorging van kinders en bejaardes. In 'n artikel in die *Paratus* is die Vanderbijlparkse burgerlike beskerming onder meer as 'n voorbeeld genoem van die groot rol wat vroue gespeel het.[18]

Die eggenote van die rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), mev. Lena Viljoen, het tydens 'n byeenkoms van die Vanderbijlparkse Dameskring in April 1977 daarop gewys dat mans vir lang tye grensdiens moes verrig en hulle afwesigheid onvermydelik was. Die vrou se eerste en belangrikste taak was om die volgende geslag so goed as moontlik voor te berei om die stryd voort te sit.[19] Die eggenote van die minister van bosbou, mev. Martina Botha, het aan die einde van November 1977 die Afrikaanse Dameskring van Vanderbijlpark toegespreek. Sy het gemeen dat vroue moreelbouers en gesindheidsbepalers was en die stukrag agter die veiligheidsmagte moes wees.[20]

Die bevelvoerder van 73 Brigade in Vereeniging, kol. T. N. Hanekom, het in Junie 1979 aan die eenheid se damesklub gesê dat die taak van die vrou by die verdedigingsmasjien al groter geword het.[21] Mevrou Elizabeth Albrecht, voorsitter van die Suiderkruisfonds, het in haar toespraak voor die Dames Aktueel van Vanderbijlpark in Maart 1980 na die vrou se rol as moreelbouer verwys.[22] In Januarie 1981 is lede van die Drie Riviere-tak van die Tranvaalse Vroue Landbou-unie (TVLU) deur ds. G. Doyer oor paraatheid en krisissituasies toegespreek. Grensdiens het meegebring dat die vrou die rol van vader en

---

[17] Vgl. Anon, "Ek praat my hart uit: Vrou in uniform onmisbaar in die SAW", *Paratus*, 31(6), Junie 1980, p. 21.

[18] C. J. Muller, "Burgerlike Beskerming: Die Vrou se Rol", *Paratus*, 25(10), Oktober 1974, p. 32; Vgl. MAV, p. 50. 13012000, Enslin, R., (55) Arconpark.

[19] Anon, "Vroue moet beplan, nie kla, as mans weg is", in *Vaalweekblad*, 22.04.1977.

[20] Anon, "Vrou moet stukrag agter Polisie en Weermag wees", in *Vaalweekblad*, 25.11.1977.

[21] Anon, "Damesklubs is belangrik in die Weermag", in *Vaalweekblad*, 15.06.1979.

[22] Anon, "Hoë moreel is land se magtigste wapen", in *Vaalweekblad*, 21.03.1980.

moeder moes vertolk. Die vrou moes haar plek in die gemeenskap kon volstaan en haar plig trou aan haar volk kon vervul.[23] Tydens 'n uitstappie na Voortrekkerhoogte wat die Jong Dames Dinamiek van Vanderbijlpark gereël het, was daar onder meer 'n praatjie oor die rol van die vrou.[24]

Die eggenote van die hoof van die lugmag, mev. Katie Mulder, het Vaaldriehoekse vroue in Augustus 1982 daaraan herinner dat die land in 'n terroriste-oorlog betrokke was en dat hulle geestelik weerbaar moes wees. Sy het ook gemeen dat die vrou in uniform 'n belangrike skakel in die weermag was.[25] In die tydskrif *TVLU-nuus* is daar na die plek van die vrou in die oorlogsituasie van destyds verwys en is gemeen dat die vrou die verloop van 'n man se dryfkrag en deursettingsvermoë bepaal het.[26] 'n Vrouesoldaat, maj. M. Elema, het in Maart 1983 die Dames Aktueel van Vanderbijlpark toegespreek en gesê die vrou moes die man bystaan en motiveer. Die vrou moes die wil om te veg by die man aanwakker, want dan veg hy nie net vir sy land nie, maar ook vir sy vrou en kinders.[27]

Die Damesteeklub van die polisie in Vereeniging is gedurende Maart 1984 deur die bevelvoerder van die veiligheidstak van die Vereenigingse polisiestasie, kapt. J. A. Steyn, oor terrorisme toegespreek. Vroue is tydens die geleentheid aangemoedig om by diensorganisasies aan te sluit en ook om hulle persoonlike weerbaarheid te verskerp.[28] Luitenant Berna Theunissen het in Julie 1988 aan 'n vergadering van die Suid-Transvaalstreek van die TVLU daarop gewys dat rewolusionêre magte beplan het om die munisipale verkiesing van Oktober 1988

---

[23] Anon, "Ds. praat oor vrou se rol in tye van nood", in *Vaalweekblad*, 30.01.1981; Vgl. ook MAV, p. 49. 13012000, Enslin, R., (55) Arconpark; Mav, p. 202. 21112000, Steyn, M., (66) Drie Riviere.

[24] Anon, "Vroue besoek Voortrekkerhoogte", in *Vaalweekblad*, 03.09.1982.

[25] Anon, "Wees weerbaar en op die hoede', in *Vaalweekblad*, 03.09.1982.

[26] C. Viljoen, "Het die vrou nog 'n plek in die huidige oorlogsituasie in SA?", *TVLU- nuus*, 21(11), Nov./Des. 1982, p. 3.

[27] Anon, "Vroueblad: Wees trots op vegtende man", in *Vaalweekblad*, 15.03.1983.

[28] Anon, "Polisie se vroue hoor van terreur", in *Vaalweekblad*, 09.03.1984.

te ontwrig en die veiligheidsmagte te neutraliseer. Vroue kon die veiligheidsmagte help om hulle taak uit te voer, deur relevante inligting wat hulle sou bekom aan die weermag of polisie oor te dra.[29]

### 7.4.2 DIE VROUEPARAATHEIDSFRONT

Die eerste Vroueparaatheidsfront in die Vaaldriehoek het in 1978 op Parys ontstaan. Dié organisasie het kursusse in skietkuns, ongewapende selfverdediging, motorherstelwerk, tuisbeveiliging en oorlewing aangebied. Lede het ook elke maand 'n blad, *Frontnuus*, ontvang.[30]

In die vroeë tagtigerjare het 'n Paraatheidsfront op Vereeniging ontstaan. Op Woensdagmiddae is 'n kursus op 'n skietbaan in die stad in skietkuns en in ongewapende selfverdediging aangebied.[31] Die voorsitter van die Vroueparaatheidsfront van Pretoria, mev. Lorette van der Walt, het tydens 'n byeenkoms van die Arconpark-tak van die TVLU in Februarie 1982, vroue oor die Paraatheidsfront ingelig. Tydens die geleentheid is daar ook verwys na terreurvoorvalle wat tot in daardie stadium in Suid-Afrika plaasgevind het. Sekere waardes, soos dat gesinne uit ten minste vier kinders moes bestaan en dat kinders patriotisme en lojaliteit moes aanleer, is beklemtoon. Die doel van die Vroueparaatheidsfront was dat vroue paraat moes wees sodat hulle kinders kon oorleef. Die Vroueparaatheidsfront van Vereeniging is in dieselfde aspekte as die vroue van Parys opgelei.[32]

Gedurende Januarie 1983 is 'n Vroueparaatheidsbeweging op Meyerton gestig. Die besluit vir die totstandkoming van so 'n beweging is deur die Dames Aktueel

[29] Anon, "Ditjies en datjies: Beweeg met oop oë", *TVLU- nuus*, 27(8), Augustus 1988, p. 18.

[30] Anon, "Vroueparaatheidsfront op Parys gestig", in *Vaalweekblad*, 27.01.1981.

[31] Anon, "Vroue raak ook paraat", in *Vaalweekblad*, 06.09.1983.

[32] Anon, "Front beywer hom vir vroue-paraatheid", in *Vaalweekblad*, 05.02.1982; MAV, p. 49. 13012000, Enslin, R., (55) Arconpark.

van Meyerton geneem. Daar sou op die aanbied van kursusse in selfverdediging en wapenopleiding gekonsentreer word.[33]

### 7.4.3 OPLEIDING VAN VAALDRIEHOEKSE VROUE BY DIE VROUELEËR-KOLLEGE

'n Aantal Vaaldriehoekse meisies het tussen 1974 en 1994 militêre opleiding by die Vroueleërkollege op George ondergaan. Lorraine Boucher van Vereeniging is byvoorbeeld gedurende 1974 gekeur om opleiding op George te ondergaan in 1975.[34] Ilse Breytenbach is in 1975 gekeur en het gemeen dat militêre opleiding ook vir meisies verpligtend behoort te wees:

> As mens vandag se toestande in ag neem, is dit noodsaaklik dat dogters, sowel as seuns, weerbaar gemaak moet word.[35]

Die drie dogters van ds. Mossie van den Berg, het ook by die Vroueleërkollege op George opleiding ondergaan.[36] Dogters uit die Vaaldriehoek was positief ingestel ten opsigte van die opleiding op George. So het mej. P. J. Venter en mej. E. Visser, albei van Vanderbijlpark, byvoorbeeld in aparte briewe versoeke aan die Kommandement Witwatersrand gerig vir aansoekvorms en verdere inligting rakende die opleiding van vroue.[37]

Vanaf die begin van 1979 is vrouevrywilligers by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens se Opleidingsentrum in Voortrekkerhoogte opgelei. Die rede daarvoor was dat meer manlike dienspligtiges sodoende vrygestel kon word

---

[33] Anon, "Vroue gemaan tot paraatheid", in *Vaalweekblad*, 22.02.1983; Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 210. 24031950, Collatz, I., (54) Meyerton.

[34] Anon, "Lorraine will train in civil defence", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 01.11.1974.

[35] Anon, "Dogter leër toe", in *Vaalweekblad*, 21.11.1975.

[36] Anon, "Gewese Vaal-vrou is patriot, sê Paratus", in *Vaalweekblad*, 28.03.1976; Vgl. ook Anon, "Dominee is aan die grens, maar pastoriemoeder sê: 'dien jou land met volle oorgawe!' ", *Paratus*, 27(3), Maart 1976, p. 5.

[37] Direktoraat Dokumentasie Dienste (DDD), Pretoria, Kmdt Wit., Groep 2, Houer 26, G/TRG/1/3, Opleidingsbeleid, voorskrifte en instruksies burgerlike beskerming, Vol. 1, Brief: P.J. Venter, 1976 en Brief: E. Visser, 04.02.1976.



Illus. 55: Ciska Kirstein en Christa Opperman wat in 1984 opleiding by die Vroueleërkollege ontvang het.
Bron: Anon, "Foto: Dis lekker in die army", in *Vaalweekblad*, 10.01.1984.



Illus. 56: Vrouelede van Meyerton Kommando.
Bron: Anon, "Foto: Sowat driehonderd vroue is al die afgelope drie jaar opgelei in huis-en-haard-beskerming.", in *Vaalweekblad*, 24.02.1978.

om as infanteriste aangewend te word.[38] René Botha van Vanderbijlpark het in 1981 op George opleiding ondergaan, daarna het sy nog 'n jaar vrywillig aangesluit. Sy het die volgende gesê:

> Die vrou in die weermag is nie daar om die plek van die man in te neem nie, maar slegs om as hulp te dien sodat meer mans vir operasionele diens vrygestel kon word.[39]

Mariana Olivier van Vereeniging het in 1983 opleiding op George ondergaan en sy het later by die Staande Mag aangesluit.[40] Louisa Kirstein het gedurende 1981 opleiding op George ondergaan. In 1984 het die volgende Vaaldriehoekse meisies vir militêre diens na George vertrek: Ciska Kirstein, Elsa Opperman, Joleth Malan van Sasolburg, en Carin Wiid en Driekie de Lange van Vereeniging.[41]

### 7.4.4 VROUE IN VAALDRIEHOEKSE KOMMANDO'S

In 1974 is aangekondig dat vroue ook by die kommando's mag aansluit.[42] In 1977 is begin om vroulike lede in die Vereeniging Kommando op te neem. Daar is egter beklemtoon dat vroue nie gebruik sou word om grensdiens te verrig of vir wagdienste aangewend sou word nie. Die vroue is met die basiese konsepte van die militêre lewe vertroud gemaak.[43]

In Januarie 1977 het 41 vroue by Meyerton met 'n opleidingskursus begin. Hulle is opgelei vir alle soorte werk in die kommando.[44] Dit blyk egter of die entoesiasme van korte duur was. Na 1977 het nie weer artikels oor die rol van

---

[38] Anon, "These women stride into new era with SADF", *Paratus*, 30(3), Maart 1979, p. 26.

[39] Anon, "Vrou staan haar plek in SAW vol", in *Vaalweekblad*, 09.09.1980.

[40] MAV, p. 212. 24112000, Olivier, M., (63) Vereeniging.

[41] Anon, "Dis lekker in die army", in *Vaalweekblad*, 10.01.1984.

[42] Anon, "Women in commando units", in *Gunpit News*, 50(3), Oktober 1974, p.12.

[43] Anon, "When woman join the Defence Force", in *Vereeniging &Vanderbijlpark News*, 04.02.1977.

[44] Anon, "Vaal-vroue meld aan by kommando", in *Vaalweekblad*, 14.01.1977.

vroue in Vaaldriehoekse eenhede verskyn nie. Daar is van vroue verwag om eerder by burgerlike beskerming as by militêre aksies in te skakel.

### 7.5 SKIETOPLEIDING

Fisiese weerbaarheid het aanvanklik die vorm van skietopleiding aangeneem. In die vroeë tagtigerjare het die *Vaal Ster* na aanleiding van die toenemende aantal bomontploffings en bomdreigemente, elementêre riglyne rakende bomdreigemente gepubliseer.[45] In die vroeë negentigerjare het die veiligheidsmagte egter 'n ernstige poging aangewend om inwoners van die Vaaldriehoek militêr paraat te maak.

As gevolg van die Soweto onluste van Junie 1976 het Vaaldriehoekers by bestaande skietklubs aangesluit, terwyl nuwe skietklubs voortdurend gestig is.[46] Werknemers van Massey Ferguson en Safim het in September 1976 die eerste praktiese pistoolskietklub in die Vaaldriehoek gestig. Die doel van die klub was om sy lede in die doeltreffende gebruik van vuurwapens in noodsituasies op te lei.[47] Die Vereeniging Kommando het in 1980 een Saterdag per maand pistoolskietafrigting vir die publiek aangebied.[48]

Die polisie van Vanderbijlpark het in Mei 1981 begin om vroue in skietkuns te onderrig.[49] Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie (ISCOR) skietklub het in Augustus 1982 begin om 'n spesiale skietkursus vir vroue aan te

---

45 Anon, "Bominsidente: hoe om op te tree", in *Vaal Ster*, 14.10.1983; Vgl. ook Anon, "Wenke vir optredes by bomdreigemente", in *Vaalweekblad*, 07.10.1983.

46 Anon, "Vurige vroue van Vaal", in *Vaalweekblad*, 02.07.1976; Anon, "Kursusse in skiet", in *Vaalweekblad*, 09.07.1976; Anon, "De Deur kry skietklub", in *Vaalweekblad*, 08.10.1976.

47 Anon, "Praktiese pistoolskiet ook in Driehoek", in *Vaalweekblad*, 15.09.1978; Anon, "Hier leer manne en vroue vinnig skiet", in *Vaalweekblad*, 04.05.1979; Vgl. ook Anon, "Instrument van die dood lê dikwels in die huis rond", in *Vaalweekblad*, 27.06.1980.

48 DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Vereeniging Kommando: Jaarverslag 1980.

49 Anon, " 'n Vuurwapen vereis kundigheid en verantwoordelikheid", in *Vaalweekblad*, 05.06.1981.



Illus. 57: 'n Polisieman demonstreer die werking van 'n vuurwapen tydens skietlesse in Mei 1981 op Vanderbijlpark.

Bron: Anon, "Foto: 'n Vuurwapen vereis kundigheid en verantwoordelikheid", in *Vaalweekblad*, 05.06.1981.

bied.[50] Nadat die polisie op Vanderbijlpark in 1987 deur die publiek met navrae oor die moontlikheid van skietopleiding oorval is, is besluit om weer vroue in die praktiese gebruik van vuurwapens op te lei. [51]

In die *Vaalweekblad* van 17 Julie 1992 was daar 'n artikel waarin mense ingelig is dat indien hulle 'n wapen vir selfverdediging besit het, hulle gereeld daarmee moes oefen.[52] Die Wolwehoek-skietklub het ook gedurende Junie 1993 'n skietkursus vir beginners aangebied.[53] Die Vaal binnenshuise skietbaan in Vereeniging het gereeld kursusse in die hantering van vuurwapens aangebied.[54] Die weermag het in 1993 en 1994 daadwerklike pogings aangewend om veral die blanke bevolking in skietkuns te onderrig. Die pogings word as deel van die voorbereidings vir die 1994-verkiesing aan die einde van hierdie hoofstuk behandel.

## 7.6 DIE SEKURITEITSWESE

Daar was 'n aantal sekuriteitsondernemings in die Vaaldriehoek wat nou met die polisie en weermag geskakel het. Sekuriteitsondernemings het sedert die middel tagtigerjare al meer militaristiese eienskappe begin vertoon. Militêre tipe opleiding is aangebied en uniforms is gedra. [55]

Die destydse adjunk-distrikskommissaris van die polisie in die Vaaldriehoek, lt. kol. Fritz Büter, was van mening dat privaat sekuriteitsmaatskappye as 'n

[50] Anon, "Vroue, wees paraat, kalm en akkuraat!" in *Vaalweekblad*, 31.08.1982.

[51] Anon, "Vroue leer skietkuns", in *Vaal Ster*, 23.03-27.03.1987; Anon, "Leer vuurwapens veilig hanteer: Vroue skiet raak", in *Vaalweekblad*, 20.02.1987.

[52] Anon, "Foto: Wanneer mens 'n vuurwapen koop vir selfverdediging, moet jy gereeld by 'n skietbaan gaan oefen ...!", in *Vaalweekblad*, 17.07.1992.

[53] Anon, "Leer skiet by Wolwehoekskietklub", in *Vaal Ster*,28.06-02.07.1993.

[54] Anon, "Maak veiligheid 'n gewoonte", in *Vaal Ster*, 29.03-02.04.1993.

[55] MAV, p. 110. 18042000, Büter, F.J., (53) Vereeniging; Anon, " Advertorial: Armouring experts warns on shift in attacks", *Safety Management*, 16(11/12), Nov./Des. 1990, p. 29.

hulpmiddel vir die polisie kon dien.[56] Daarom het die polisie 'n sekuriteitsimposium op 10 Mei 1990 in die Stadskouburg van Vereeniging aangebied.[57] Verteenwoordigers van sekuriteitsmaatskappye in die Vaaldriehoek, Johannesburg en Pretoria het die simposium bygewoon en die polisie het 'n beroep op hulle gedoen om 'n noodplan in gereedheid te kry ingeval noodtoestande sou ontstaan.[58] Verskeie persone het kol. Büter met sy poging gelukgewens, onder wie die kommissaris van polisie, genl. Johan van der Merwe, en die minister van wet en orde, Adriaan Vlok.[59]

Teen 1988 het SS-Sekuriteitsdienste vyf takke oor die hele Vaaldriehoek en aan die Rand gehad.[60] SS-Sekuriteit was ook die gasheer van 'n oggend-sekuriteitsimposium wat op 7 Oktober 1988 op Meyerton in samewerking met die polisie aangebied is. Die doel van die simposium was om misdaad as die gemeenskaplike vyand uit te lig.[61] Senior polisie-offisiere het lesings oor bomaanvalle, stedelike terrorisme en voorkomingsmaatreëls aangebied. Ongeveer 70 sekuriteitshoofde van winkelsentrums, munisipaliteite en nywerhede van die hele Vaaldriehoek was ook by die simposium teenwoordig. Kolonel Johan Roux, hoof van die veiligheidstak van die polisie op Krugersdorp, het tydens sy gesprek na die ontploffings by Wimpy-restaurante verwys en gesê dat die Vaaldriehoek gelukkig was om nie ook onder bomaanslae deur te loop nie.[62]

---

[56] MAV, p. 111. 18042000, Büter, F. J., (53) Vereeniging.

[57] Anon, "Sekuriteit oë en ore van SAP", in *Vaalweekblad*, 16.03.1990; MAV, p. 110. 18042000, Büter, F. J., (53) Vereeniging.

[58] Anon, "Ekonomiese redes maak sakelui sekuriteitsbewus', in *Vaalweekblad*, 25.05.1990.

[59] Brief van die kantoor van die minister van wet en orde aan kol. F.J. Büter, 23.08.1990; Brief van die kommissaris van polisie aan kol. F.J. Büter, 16.05.1990.

[60] Anon, "Spesialiste in veld van sekuriteit", in *Vaalweekblad*, 19.08.1988.

[61] Anon, "Sekuriteit in kollig by die simposium", in *Vaalweekblad*, 16.09.1988.

[62] Anon, "Mense werk goed saam sê polisie", in *Vaalweekblad*, 14.10.1988.

Die distrikskommandant van die polisie in Vereeniging, kol. Piet Fourie, het na afloop van 'n seminaar in Augustus 1989 gesê dat die sekuriteitsmaatskappye saam met die polisie moes verseker dat die Vaaldriehoek tydens die verkiesing van 1989 veilig bly.[63] Met die oorhandiging van sertifikate tydens 'n seremonie na afloop van 'n banksekuriteitskursus, het die burgemeester van Meyerton, D. L. Slabbert, onder meer die volgende gesê:

> Die land het mense soos julle nodig om op te tree en te verhoed dat duisende miljoene rande geroof word.[64]

SS-Sekuriteit was ook behulpsaam met die beveiliging van belangrike plekke voor en tydens die verkiesing van 27 April 1994.[65] Lede van De Bruin Sekuriteit het voor die 1994-verkiesing gehelp om die spoorlyn in die omgewing van die Meyertonse spoorwegstasie te patrolleer.[66]

Sekuriteit 21 het vanaf 1991 patrolliewerk in Arconpark en Drie Riviere-Oos gedoen. In daardie stadium was die onderhandelingsproses goed op dreef en het misdaad al meer die vyand geword, alhoewel veiligheid steeds voorop gestaan het. Daar was ook meer maatskappye en ondernemings wat van sekuriteitsdienste gebruik gemaak het.[67]

## 7.7 BUURTWAGTE

Die instelling van buurtwagte was 'n poging om die gemeenskap teen misdaad te beveilig.[68] Die eerste buurtwagorganisasie is gedurende 1986 in Johannesburg gestig. Die goeie resultate wat in Johannesburg en daarna in Pretoria behaal is,

---

[63] Anon, "Verrassings kom vir baie", in *Vaal Ster*, 28.08-01.09.1989.

[64] Anon, "Stadsraad lewer ook 'n sekuriteitsbydrae", in *Vaalweekblad-fokus* 6, 14.06.1991.

[65] MAV, p. 52. 14012000, Erasmus, A. P., (46) Meyerton.

[66] Ibid.

[67] MAV, p. 110. 18042000, Büter. F. J., (53) Vereeniging.

[68] H. van der Westhuizen, "Buurtwag is misdaadvoorkoming uit die gemeenskap vir die gemeenskap", *Servamus*, Augustus 1992, p. 46; MAV, p. 102. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

het daartoe gelei dat die organisasie landwyd uitgebrei het. Die werksaamhede van 'n buurtwag het kortliks behels dat inwoners van 'n bepaalde woonbuurt byeengekom het en dan besluit hoe hulle hul eiendom teen misdaad sou beskerm.[69]

Die eerste georganiseerde pogings in die Vaaldriehoek tot samewerking tussen die publiek en die polisie om misdaad te bekamp, is reeds gedurende Julie 1980 van stapel laat loop.[70] In Mei 1987 is aangekondig dat die buurtwagstelsel ook in die Vaaldriehoek ingestel sou word. Die polisie en lede van die publiek sou op 'n beplande en georganiseerde wyse met mekaar saamwerk.[71] Polisie-offisiere het teen Junie 1987 reeds 'n paar buurtwagvergaderings in die Vaaldriehoek toegespreek.[72] Tussen Junie en Oktober 1987 is 'n hele aantal buurtwagte in die Vaaldriehoek gestig.[73] Daar is heelwat gevalle aangemeld waar die wakker optrede van buurtwaglede tot die inhegtenisname van misdadigers en die terugvind van gesteelde goedere gelei het.[74] Die doeltreffendheid van die buurtwag in Vereeniging het daartoe bygedra dat die misdaadsyfer in die stad teen die begin van 1994 aan die afneem was.[75] Die goeie werk van die Glendonald-buurtwag het daartoe gelei dat die polisie 'n aantal AK47-gewere kon

---

[69] Anon, "Landsake: Buurtwag verminder misdaad", *SA Oorsig*, 23 Januarie 1987, p. 6.

[70] Anon, "Elkeen se plig", in *Vaalweekblad*, 01.08.1980.

[71] Anon, "Vaalweekblad kommentaar: Betrokkenheid, samewerking die wagwoord", in *Vaalweekblad*, 29.05.1987.

[72] Anon, "Buurtwag: werk gou saam", in *Vaalweekblad*, 12.06.1987.

[73] Anon, "Buurtwag kom vir Arconpark", in *Vaalweekblad*, 12.06.1987; Anon, "Buurtwag kom na moord in SE 2", in *Vaalweekblad*, 12.06.1987; Anon, "Arconpark stig eie buurtwag", in *Vaal Ster*, 24-28.08.1987; Anon, "Buurtwag kom nou op dreef" in *Vaalweekblad*, 19.06.1987; Anon, "Buurtwagte vir hoewes loop goed", in *Vaalweekblad*, 21.08.1987; Anon, "Buurtwag Dinge: Buurtwagte werk teen misdaad", in *Vaalweekblad*, 23.10.1987.

[74] Anon, "Spanwerk tussen buurtwag en SAP werp vrugte af", in *Vaalweekblad*, 03.07.1987; Anon, "Dief vas na vrou se dapper optrede: Buurtwag werp vrugte af", in *Vaal Ster*, 24-28.08.1987; Anon, "Buurtwag help al reeds", in *Vaal Ster*, 31.08 – 04.09.1987.

[75] Anon, "Inwoners onbetrokke .... Misdaadsyfer neem drasties toe", in *Vaal Ster*, 17-21.01.1994; Anon, "Buurtwag slaan misdaad hok", in *Vaal Ster*, 21-25.02.1994.

konfiskeer.[76] Die belangstelling in die buurtwagstelsel het egter gou weer afgeneem.[77]

Buurtwagvergaderings is ook oor die gevare van terrorisme ingelig. Tydens die stigting van die Mooilande-buurtwag het kapt. Boet Steyn van die polisie in Vereeniging, 'n lesing in Oktober 1987 oor plofstof aangebied en sy kommer oor die aantal gesteelde vuurwapens uitgespreek.[78] Op 24 Oktober 1987 is 'n buurtwagsaamtrek in Vereeniging gehou waar die minister van wet en orde, Adriaan Vlok, die gasspreker was. Hy het na die doelstellings en voordele van die buurtwagstelsel verwys en gewaarsku dat daar radikale elemente was wat 'n militante werkswyse vir die buurtwag beoog het.[79] By dié saamtrek is die publiek se aandag op bom-insidente gevestig, terwyl onlustevoertuie van die polisie ook ten toon gestel is.[80] In Oktober 1988 is 'n buurtwagfees op Rothdene gehou. Van die hoogtepunte op die fees was 'n hondevertoning, lesings oor misdaadvoorkoming en die tentoonstelling van verskillende tipes plofstowwe, kleefmyne en handgranate.[81]

Luitenant-kolonel C.J. Labuschagne van die polisie se hoofkantoor in Pretoria het in Maart 1991 in 'n artikel in die *Vaalweekblad* gevra dat die gemeenskap vir sy eie veiligheid sowel as die veiligheid van sy onmiddellike bure verantwoordelikheid moes aanvaar.[82] Een van die redes vir die kwyning van die buurtwag op Vanderbijlpark was die persepsie oor die rol van die veiligheidsmagte. Inwoners het gemeen dat alle veiligheidstake deur die polisie

---

[76] Anon, "Neighbourhood Watch reduces crime in Glendonald", in *Vaal Ster*, 04-08.07.1994.

[77] MAV, p. 89. 27032000, Miliani, M., (62) Vereeniging; MAV, p. 111. 18042000, Büter, F.J., (53) Vereeniging.

[78] Anon, "Is it a bomb?", in *Vaalweekblad*, 02.10.1987; Anon, "Stolen firearms enough to start an army!", in *Vaalweekblad*, 02.10.1987.

[79] Anon, "Kommentaar: Radikales sal buurtwag 'n slegte naam gee", in *Vaalweekblad*, 30.10.1987.

[80] Anon, "Buurtwag Dinge: Roep eers polisie by bominsidente", in *Vaalweekblad*, 23.10.1987.

[81] Anon, "Rothdene-buurtwag se fees 'n sukses", in *Vaal Ster*, 24-28.10.1988.

[82] Anon, "Groter betrokkenheid by buurtwagstelsel gevra", in *Vaalweekblad-fokus*, 08.03.1991.

en weermag verrig moes word. Verteenwoordigers van die buurtwag het egter gemaan dat daar met die onttrekking van die polisie en weermag uit die swart woongebiede meer probleme te wagte was.[83]

Die weermag het teen Mei 1990 in die buurtwagopset begin belangstel. Doelbewuste pogings is deur die kommando's aangewend om met buurtwagte te skakel.[84] Pogings van die Meyerton Kommando om buurtwagte te inkorporeer, het egter misluk.[85] Na gerugte in Mei 1993 dat die *Congress of South African Trade Unions* (COSATU) skole wou beset, is buurtwagte saam met die weermag en polisie op bystand geplaas.[86] Op 16 Junie 1993 het die bevelvoerder van die Vereeniging Kommando 'n buurtwagvergadering bygewoon.[87]

## 7.8 HUIS-EN-HAARD-BESKERMING

Deur middel van huis-en-haard-beskerming is daar in samewerking met die kommando's gepoog om die gemeenskap eienaarskap vir die beskerming van hulle eie gebied te laat aanvaar.[88] Die beskerming van die gesin en die huis is as elke individu se verantwoordelikheid gesien. Die publiek is daarom aangemoedig om by amptelike hulpinstansies soos die kommando's, polisie-reserviste of burgerlike beskerming aan te sluit.[89] Militêre paraatheid is uitgebou wanneer

---

[83] Anon, "Buurtwagte sterf nou vinnig uit", in *Vaalweekblad*, 16.03.1990; Anon, "Buurtwag: publiek ongeërg", in *Vaal Ster*, 08-12.04.1991.

[84] Dagboek, Vereeniging Kommando, 09.05.1990.

[85] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Meyerton Kommando: Historiese oorsig van aktiwiteite van Meyerton Kommando vanaf 1992-1994.

[86] Anon, "Skole: Talle reg om te keer", in *Vaalweekblad*, 21.05.1993.

[87] Dagboek, Vereeniging Kommando, 16.06.1993.

[88] Anon, "Die rewolusionêre aanslag teen Suid-Afrika: Genl. Magnus Malan se onbewimpelde antwoorde tydens 'n openhartige onderhoud wat deur SAUK-TV gebeeldsaai is", *Paratus*, 37(11), November 1986, p. 11.

[89] Vgl. Anon, "Die rewolusionêre aanslag teen Suid-Afrika: Genl. Magnus Malan se onbewimpelde antwoorde tydens 'n openhartige onderhoud wat deur SAUK-TV gebeeldsaai is", *Paratus*, 37(11), November 1986, p. 13.

kommandolede 'n militêre teenwoordigheid gehandhaaf het om as 'n afskrikmiddel te dien.[90]

In die vroeë negentigerjare is nuwe eise aan verdediging in die Vaaldriehoek gestel deurdat gebiedsbeskerming en huis-en-haard-beskerming 'n prioriteit geword het. Die misdaadsituasie het tot gevolg gehad dat aanvalle op burgerlikes toegeneem het. Die noodsaaklikheid vir fisiese weerbaarheid is daardeur beklemtoon.[91] Daar is voorsien dat die oorgangstydperk van 1990-1994 met geweldpleging, wetteloosheid, ekonomiese agteruitgang, moord en diefstal gepaard sou gaan. Kommando's het sedert 1990 al meer by die beskermingsproses betrokke geraak deur byvoorbeeld die publiek met outomatiese wapens te leer skiet en lesings aan te bied.[92] Huis-en-haard-beskerming het aanvanklik op landelike beveiliging gefokus, maar die jaar wat die 1994-verkiesing vooraf gegaan het, is egter gepoog om beide die stedelike en landelike (blanke) bevolking te bereik.

### 7.8.1 LANDELIKE BEVEILIGING

Swak ekonomiese toestande het daartoe gelei dat groot getalle onwettige immigrante aan die begin van die negentigerjare na die Vaaldriehoek gestroom en tot 'n plakkersprobleem aanleiding gegee het.[93] In veral die Weiler's Farm-, Walkerville- en Waterdal- omgewings is blankes deur plakkers geteister.[94] Moord en roof op hoewes het ernstige afmetings aangeneem.[95] Daar is selfs gewaarsku

---

[90] Danie Theron krygskool, *Teeninsurgensie-operasieshandleiding*, p.2/1-31.


[91] Anon, "Weermag het oor op die grond", in *Vaalweekblad*, 18.03.1994.

[92] A. P. Erasmus, "Bevelvoerder se boodskap", *Meyerton Kommando nuusbrief*, 1(1), Februarie 1993, p. 1.

[93] Anon, "Foreign tide a threat to Vaal", in *Vaal Ster*, 12-16.10.1992, p. 1; Vgl. G. Thiart, "Vennote in stryd teen misdaad: Gebiedsbeskerming brei uit", *Paratus*, 43(4), April 1992, p. 10.

[94] S. Woodgate, "Walkerville demands end to escalating squater influx: Residents fear reprisals, claim minister has offered no solution", in *Star*, 04.03.1987; Anon, "Hoewe mense voel onveilig", in *Vaal Ster*, 07-11.08.1989, p. 1.

[95] Anon, "Vaalweekblad kommentaar: Misdaadstroom sterker: gee Vaal 'n slegte naam", in *Vaalweekblad*, 06.02.1987; Vgl ook Anon, "Vaalweekblad kommentaar:Keer betyds of Vaal word SA se eie Chicago", in *Vaalweekblad*, 12.12.1986.




Kaart 3: Die oorsprong van die golf onwettige immigrante wat die Vaaldriehoek binnegestroom het.

Bron: Anon, "Foreign tide a threat to Vaal", in *Vaal Ster*, 12-16.10.1992.

dat die plakkerskwessie tot 'n grondoorlog kon lei.[96] Die LV vir Overvaal, Chris Ballot, het die stigting van taakgroepe bepleit wat onder meer uit verteenwoordigers van die weermag en polisie sou bestaan.[97] Die situasie het so hande uit geruk dat inwoners van die Weiler's Farm gebied gedreig het om die wet in eie hande te neem.[98]

Plakkery in die Waterdal-hoewegebied is as die grootste veiligheidsprobleem vir die stadsraad van Vereeniging gesien.[99] Tydens 'n bevelvoerderskonferensie van Groep 17 wat op 26 Augustus 1991 gehou is, is gemeen dat 'n waardering vir die Waterdal-hoewe opgestel moes word sodat 'n gebiedsbeskermingsplan vir die gebied geïmplementeer kon word.[100] Gedurende Oktober 1991 is gevra dat gebiedsbeskerming geïmplementeer moes word en dat veral die 12-dae kommandovrywilligers hiervoor gebruik moes word.[101] Die bevelvoerder van die Vereeniging Kommando, lede van die kommandoraad, die burgemeester en sakemanne van Vereeniging het 'n geleentheid gekry om van Orange Farms, Sharpeville tot by die Vaaldam die hele probleemgebied uit die lug te beskou.[102] Die plakkersprobleem het so versleg dat die weermag teen 1994 die Waterdal-omgewing met pantservoertuie gepatrolleer het.[103]

Mense in die verantwoordelikheidsgebied van Groep 17 is aangemoedig om by 'n plaaslike kommando aan te sluit sodat hulle 'n waardevolle bydrae tot huis-en-

---

[96] Vgl. M. Swilling, " 'n 'Grond-oorlog' kan kom", *Insig*, Oktober 1988, p. 21.

[97] Vaal Tekonorama (VTR), Onluste-lêer, Anon, "Plakkery kry nou hoë aandag", in *Vaalweekblad*, 27.03.1987.

[98] J. Farr, "Residents' anger over 'inaction': Anti-squating strategy has hot reception", in *Vaalweekblad*, 17.06.1988.

[99] D. Jensen, "So lyk probleem uit die lug gesien", in *Vaal Ster*, 24.05.1991.

[100] Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 26.08.1991.

[101] Dagboek, Vereeniging kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 21.10.1991; Vgl. ook DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 4, Houer 52, 311/6, Burgerlike instansies: Werksprosedure: Vestiging van 'n veiligheidstelsel op die Transvaalse platteland.

[102] D. Jensen, "So lyk probleem uit die lug gesien", in *Vaal Ster*, 24.05.1991; Sien ook hoofstuk 4, die Waterdal krisis.

[103] Sien hoofstuk 4, die Waterdal krisis.

haard-beskerming kon lewer en op 'n wettige wyse bewapen kon word.[104] Ten einde huis-en-haard-beskerming te laat realiseer, is kommandolede gebiedsgebonde verklaar. Opleiding het wapenhantering en taktiese funksionele optrede ooreenkomstig die behoeftes van gebiedsbeskerming behels. Die tradisionele reël van die ploeg in die een hand en die geweer in die ander, was van toepassing.[105] In Parys is daar tydens verskillende geleenthede met boere van die omgewing oor veiligheid gesprek gevoer. Kommandolede het ook plaaspatrollies onderneem. Weerbaarheidskursusse vir skoliere van Parys, Vredefort en Koppies was deel van die gebiedsbeskermingsplan van die Parys Kommando.[106]

Die weermag wou toesien dat skietkuns en paraatheid onder die gemeenskap bevorder word.[107] Lede van die Goeiehoek-tak van die TVLU is in Junie 1993 deur die Vereeniging Kommando oor die beveiliging van huis en haard ingelig.[108] Ná voorvalle van terrorisme gedurende 1993 in die Vaaldriehoek, soos die Eikenhof-aanval, het daar ook onder die plaasgemeenskap van Meyerton 'n positiewe verandering ten opsigte van huis-en-haard-beskermimg ingetree. In dieselfde jaar is die radiostelsel opgegradeer sodat daar beter kommunikasie tussen die kommando en die boere kon wees.[109]

Die Militêre-area-radionetwerk (MARNET)-stelsel was deel van die landelike beveiligingspoging. Die MARNET-stelsel is aanvanklik in 1979 ingevoer sodat

---

[104] Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 08.08.1990.

[105] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 4, Houer 52, 311/6, Burgerlike instansies: Brief: Diensvoorwaardes vir vrywillige kommandolede met die doel van huis-en haard- beskerming, van die hoof van die leër lt. genl. G. L. Meiring aan mnr. J.C.R. Hartman van die Transvaalse Landbou-Unie, 06.05.1993.

[106] DDD, Pretoria, Kmdt. Vrystaat, Eenheidsgeskiedenisleêr: Parys Kommando: Jaarverslag 1992; MAV, p. 207. 31112000, De Villiers, D. W., (55) Parys.

[107] Dagboek, Vereeniging kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 06.08.1990.

[108] Anon, "VLU leer meer oor paraatheid", in *Vaal Ster*, 21-25.06.1993.

[109] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleêr: Meyerton Kommando: Historiese oorsig van die aktiwiteite van Meyerton Kommando vanaf 1992-1994; MAV, p. 52. 14012000, Erasmus, A. P., (46) Meyerton.




Illus. 58: Groep 17 het 'n groep werkgewers in Januarie 1993 oor huis- en- haard beskerming ingelig

Bron: Anon, "Kommandolede beskerm huis en haard met welslae", in Vaal Ster, 10.02.1993.



Illus. 59: Vroue is geleer om te skiet tydens die gemeenskapsprojek van die Meyerton Kommando in April 1993.

Bron: Anon, "So bly mens aan die lewe in die Dodelike Driehoek: Vroue oefen met Uzzi's", in *Vaalweekblad*, 09.04.1993.

grensboere in gevalle van nood onmiddellik met hulle plaaslike kommando's kon skakel.[110] Die weermag het boere in die Vaaldriehoek aangemoedig om by die stelsel in te skakel.[111] By die Parys Kommando het vyf lede per week in die MARNET-kontrolekamer diens gedoen. Ongelukkigheid het geheers nadat besluit is dat die Parys Kommando se MARNET vanaf Maart 1993 na Groep 24 op Kroonstad verskuif sou word.[112] Op 18 Junie 1993 het die Vaal Kommando vir belangstellendes 'n seminaar oor die MARNET-stelsel aangebied.[113]

### 7.8.2 VOORBEREIDINGS VIR DIE 1994 VERKIESING

In die aanloop tot die eerste demokratiese verkiesing in April 1994, is verskillende pogings in die Vaaldriehoek aangewend om die gemeenskap fisies weerbaar te maak. Die weermag was van beplande aanvalle op winkelsentrums, bioskope, skole en tehuise vir bejaardes bewus. Daar is 'n beroep op mans gedoen om by hulle plaaslike kommando aan te sluit, sodat hulle ná die nodige opleiding van 'n geweer voorsien kon word om huis en haard te verdedig. Die gedagte was om van moontlike sagte teikens, harde teikens te maak.[114]

Skietdae is gereël waartydens stadsraadslede, besigheidslui en vroue geleer is om met verskillende militêre wapens te skiet.[115] In Maart 1993 is 'n skietdag vir die boeregemeenskap van Meyerton gehou.[116] In dieselfde maand is die leierelement van Meyerton Kommando tydens 'n spanbou deur die bevelvoerder

---

[110] S. Bosgra, "Zuid-Afrika: De groeiende guerilla", *Haagse post*, 6691(1), 6 Januarie 1979, p. 11.

[111] L.J.C. Botha, "Hulp in nood is MARNET 'n knoppie ver", *Paratus*, 43(10), Oktober 1992, p. 26.

[112] DDD, Pretoria, Kmdt. Vrystaat, Eenheidsgeskiedenislêer: Parys Kommando: Jaarverslag 1992.

[113] Anon, "Stelsel bied gemoedsrus aan mense op plase, hoewes", in *Vaal Ster*, 14-18.06.1993.

[114] Anon, "Wees paraat, nie paniekerig", in *Vaalweekblad*, 07.05.1993.

[115] P. Fourie, "Skietdag vir sakegemeenskap en direkteure van privaat ondernemings in Meyerton op 20 Februarie 1993", *Bevkom rapport*, Meyerton kommando, 17.03.1993; Vgl. ook Anon, "Shooting advice from RSM: Meyerton Commando's community project", in *Vaal Ster*, 08-12.03.1993.

[116] P. Fourie, "Skietdag vir plaaseienaars in Meyerton se verantwoordelikheidsgebied", *Bevkom rapport*, Meyerton Kommando, 17.03.1993.

van Groep 17, kol. P. Vosloo, oor die situasie in die gebied ingelig.[117] Aan die einde van Maart 1993 is daar ook 'n skietdag vir die gades van boere aangebied. By dié geleentheid is vroue opgelei om met R1- en R4-gewere te skiet. Die polisie het ook 'n demonstrasie gelewer waar vreemde wapens en plofstof vertoon is.[118] Die Vereeniging Kommando het ook sedert die einde van Oktober 1993 in die aande wapenopleiding aangebied.[119] Op 1 November 1993 het die Vereeniging Kommando 'n groep vrywilligers vir praktiese skietopleiding na die Farao'sfontein-skietbaan geneem.[120] Weermaglede het ook opleiding oor regsaspekte ontvang.[121] Die Meyerton Kommando het as deel van 'n gemeenskapsprojek aan die begin van April 1993 ongeveer veertig vroue leer skiet. Die opleiding was 'n poging om sagte teikens, in hierdie geval vroue, te leer om hulleself met vuurwapens te verdedig teen aanvallers bewapen met AK47-gewere en swaarkaliberpistole.[122]

In die suksesvolle uitvoering van gebiedsbeveiliging is teen die einde van 1993 al groter klem op betrokkenheid in die kommando's gelê. Daar is gemeen dat geweld met die naderende verkiesing van April 1994 kon toeneem. Dié moontlikheid het druk op die weermag laat toeneem om in samewerking met die polisie wet en orde te handhaaf. Mense is weereens aangemoedig om as kommandovrywilligers aan te sluit. Deur by 'n kommando aan te sluit, het mense nie net opleiding ontvang oor hoe om hulleself te beskerm nie, maar sou hulle ook deel van 'n wettige mag wees.[123]

---

[117] P. Fourie, "Kommandolede in Meyerton se verantwoordelikheidsgebied", *Bevkom rapport*, 30.03.1993.

[118] P. Fourie, "Gades van boere woonagtig in verantwoordelikheidgebied", *Bevkom rapport*, 03.04.1993; Vgl. ook Anon, "Vroue oefen met Uzzi's: So bly mens aan die lewe in die Dodelike Driehoek ...", in *Vaalweekblad*, 09.04.1993, p. 6.

[119] Dagboek, Vereeniging Kommando, 27.10.l993.

[120] Dagboek, Vereeniging Kommando, 03.11.1993.

[121] Dagboek, Vereeniging Kommando, 24.11.1993.

[122] Anon, "Vroue oefen met Uzzi's: So bly mens aan die lewe in die Dodelike Driehoek...", in *Vaalweekblad*, 09.04.1993.

[123] Anon, "SADF can and will work with new government", in *Vaalweekblad*, 03.12.1993.

Kort voor die verkiesing van 1994 het Groep 17 gepoog om die publiek op dié gebeurtenis voor te berei. Mense is gemaan om hulleself nie met bangmaakpraatjies op te hou nie en dat elke gesin oefenlopies moes onderneem van wat om te doen indien daar geskiet sou word en dat hulle oor 'n elementêre kennis van noodhulp moes beskik.[124] Na aanleiding van beweringe van C. Landsberg, 'n winkelbestuurder in Vereeniging, dat mense beplan het om groot voorrade voedsel en ander artikels op te gaar wat vir oorlewing gebruik kon word, het die polisie teen paniek gemaan. Die polisie het studentekonstabels ontplooi en bykomende patrollies uitgestuur; mense is gemaan om nie groot bedrae geld op voedsel en vuurwapens uit te gee nie.[125] Personeel uit ander gebiede is ook in die Vaaldriehoek aangewend.[126]

## 7.9 SAMEVATTING

Vaaldriehoekers het hulleself reeds sedert die middel sewentigerjare op terroriste-aanslae voorberei. Sabotasie, bomontploffings en landmynontploffings elders, het die besef laat posvat dat ook die Vaaldriehoek kwesbaar was. Dié besef het daartoe gelei dat verskillende weerbaarheidspogings aangewend is. Vroue het 'n belangrike rol in die weerbaarheidsproses gespeel omdat hulle agter die front 'n ondersteuningsrol vervul het. Die eerste weerbaarheidspogings was skietopleiding en radioverbinding tussen die Vaaldriehoekse dorpe.

Ná die onttrekking van die weermag uit Namibië in 1989, en nadat die onderhandelingsproses aan die gang gesit is, het misdaad die nuwe vyand geword.[127] Vaaldriehoekers het as gevolg van ongekontroleerde plakkery vanaf 1988 die slagoffers van aanvalle geword. Gedurende 1993 is voorbereidings

---

124 Anon, "Weermag het oor op die grond", in *Vaalweekblad*, 18.03.1994.

125 Anon, "Waak teen paniek maan SAP", in *Vaalweekblad*, 01.04.1994; Vgl. ook Anon, "SAP gereed vir verkiesing", in *Vaalweekblad*, 29.04.1994.

126 Anon, "Vaaldriehoek is vriendelik sê SAP-lede", in *Vaalweekblad*, 13.05.1994.

127 MAV, p. 111. 18042000, Büter, F.J., (53) Vereeniging; Vgl. ook L. Smith, *Beveiliging van huis en haard* (Pretoria, J. L. van Schaik, 1989).

getref sodat die burgery hulleself kon beskerm indien die verkiesing nie vlot verloop nie. Die weermag het mense aangemoedig om by die kommando's aan te sluit. Die verskillende kommando's van die Vaaldriehoek het skietdae gehou en lesings oor fisiese weerbaarheid is aangebied. Omstandighede het daartoe gelei dat sekuriteitsdienste en die veiligheidsmagte nou saamgewerk het. Voor en tydens die 1994 verkiesing het die sekuriteitsdienste saam met militêre eenhede patrolliewerk gedoen. Die buurtwag is as baie belangrik in die bekamping van misdaad gesien.[128]

In die volgende hoofstuk gaan daar aangedui word hoe die Vaaldriehoekse jeug gemobiliseer en weerbaar gemaak is.

[128] Anon, "Misdaad: Skokkende syfers", in *Vaal Ster*, 13-17.08.1990.